### Graad 4 Afrikaans EAT Termyn 1

# Gekontroleerde Toets

Leerder Naam: ______________________________

Skool Naam: ______________________________

Datum: ______________________________


Eksaminator: ______________________________

Moderator: ______________________________

**Totaal: / 40**

## Instruksies:

- Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings:
  1) **Afdeling A:** Literêre Teks (15 punte)
  2) **Afdeling B:** Visuele Teks (10 punte)
  3) **Afdeling C:** Taal in konteks (15 punte)
- Beantwoord al die vrae op die vraestel.
- Lees jou vrae deeglik deur.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.





LIVEWORKSHEETS

## Afdeling A: Literêre teks

**Die Wildtuin**

My familie gaan vandag na die wildtuin toe. Mpho is die eerste een wat 'n kameelperd sien. Thandi sien 'n klein kameelperdkalfie wat verder in die pad af staan.

Om die volgende draai, kom ons op 'n trop olifante af. Hulle is so groot, veral die ou olifantbul. Hy het twee lang wit tande. Daar is agt klein kalfies in die trop.


Pa stop by 'n watergat. Hier sien ons sebras, koedoes, rooibokke, waterbokke, vlakvarke en 'n paar tarentale. Van ver af kom 'n paar buffels aangestap.

Skielik sien ons net rook! Nee, wat is dit? 'n Veldbrand. Wat gaan van die klein goggatjies, skilpadjies, miere en slange word? Gelukkig is die wildtuin se brandweerwa al daar om die vuur te blus.

Ma sê: "Sien julle, kinders, hoe 'n vuur gevaarlik kan wees en alles kan brand. Ons moet so versigtig wees. As jy 'n vuur aansteek, moet jy dit ook weer blus."

(Verwerk uit: Kollig op Afrikaans)

| Woordbank | | |
|---|---|---|
| **wildtuin** – game reserve | **kalfie** – calf | **trop** – herd |
| **vlakvark** – warthog | **tarentale** – guinea fowls | **veldbrand** – veld fire |
| **miere** – ants | **vuur** – fire | **blus** – extinguish |
| | **brandweerwa** – fire engine | |



1. Antwoord die volgende vrae deur **kort** antwoorde te gee. (4)
   1.1 Waar gaan die familie? ______________________________
   1.2 Wat sien Thandi? ______________________________
   1.3 a) Wie sien eerste 'n dier? ______________________________
   b) Watter dier is dit? ______________________________
2. Vul die **ontbrekende** (missing) woorde in. (2)
   2.1 As jy 'n ______________________________ moet jy dit weer blus.
   2.2 Die olifantbul het twee lang, wit ______________________________.



besoek twinkl.co.za

3. Die volgende stellings is **onwaar**. Verander die stelling sodat dit **waar** is. (3)

   3.1 Daar is nege klein kalfies in die olifante se trop.

   ______________________________________________

   3.2 Die diere is in die dieretuin.

   ______________________________________________

   3.3 'n Klomp olifante saam, noem ons 'n swerm olifante.

   ______________________________________________

4. **Onderstreep** die korrekte antwoord. (3)

   4.1 Kameelperde het (kort / lang) nekke.

   4.2 Olifante is (klein / groot) diere.

   4.3 'n Veldbrand is (warm / koud).

5. Beantwoord die volgende vrae.

   5.1 Noem enige **twee** klein diertjies wat in die leesstuk is. (2)

   ______________________________________________

   5.2 Wie het die vuur in die wildtuin geblus? (1)

   ______________________________________________

**Totaal: 15**

## Afdeling B: Visuele teks

Kyk na die volgende uitnodiging en beantwoord die vrae wat volg.






LIVEWORKSHEETS

1. Antwoord die volgende vrae met **kort** antwoorde. (4)

   1.1 Hoe oud word Henry? ______________________

   1.2 Wanneer is die partytjie? ______________________

   1.3 Hoe lank gaan die partytjie wees? ______________________

   1.4 Wie word uitgenooi na die partytjie? ______________________




2. Maak 'n **sirkel** om die regte antwoord. (3)

   2.1 Wat gebruik ons om ons liggaam af te droog? (sonskerm / handdoek / klere)

   2.2 Wie is Debbie? (Luke se ouma / Henry se ouma/ Luke se ma)

   2.3 Ons gebruik dit om ons vel teen die son te beskerm. (sonskerm / sonbril / sonskoene)

3. Kyk na die prente op die uitnodiging en pas die prente by die regte woord. (3)

| sonbril | ballonne | verjaarsdagkoek |
|---|---|---|
|  |  |  |
| 3.1 | 3.2 | 3.3 |

**Totaal: 10**

## Afdeling C: Taal in konteks

Kyk na die volgende uitnodiging en beantwoord die vrae wat volg.

1. Skryf die woorde in die woordblok in **alfabetiese** volgorde. ($10 \times \frac{1}{2} = 5$)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| motor | neus | maag | vinnig | niemand |
| stoel | prent | rekenaar | oor | vandag |

1.1 ______________________ 1.6 ______________________

1.2 ______________________ 1.7 ______________________

1.3 ______________________ 1.8 ______________________

1.4 ______________________ 1.9 ______________________

1.5 ______________________ 1.10 ______________________



twinkl besoek twinkl.co.za

twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

2. Skryf die volgende sinne oor met die korrekte **leestekens**.


   2.1 wie het die papiere hier gegooi ($2\times\frac{1}{2}=1$)

   ______________________________________________

   2.2 tato wezi en Sipho speel sokker op die veld ($4\times\frac{1}{2}=2$)

   ______________________________________________

3. Vul die korrekte **ligaamsdeel** in die sinne in. ($4\times\frac{1}{2}=2$)



   3.1 Die meisie sien met haar ____________________.

   3.2 Ek eet met my ____________________.

   3.3 Die seun luister met sy ____________________.

   3.4 Die oom skryf met sy ____________________.

4. Onderstreep die werkwoord in die volgende sinne met 'n kleurpotlood. ($4\times\frac{1}{2}=2$)

   4.1 Danie pak sy kos in sy kosblik.

   4.2 Mamma skryf in haar dagboek.

   4.3 Pa sny elke Saterdag die gras.

   4.4 Die hond hardloop in die tuin.

5. Skryf die volgende sinne in die korrekte woordorde. (Sv1TOMPv2I)

   5.1 My ouma; gereeld; in die kombuis; lekker koekies; bak (1)

   ______________________________________________

   5.2 vanoggend; by die watergat; Die olifante, water, drink (1)

   ______________________________________________

6. Gee die korrekte **meervoude** vir die woorde in hakies.

   6.1 Die hond kou baie (been) ______________ in die tuin.

   6.2 Die olifant loop deur baie (bos) ______________________ as hy kos soek. ($2 \times \frac{1}{2} = 1$)

**Totaal: 15**

**Groottotaal: 40**



twinkl
besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS